GIMMIE-NUUS

LANGENHOVEN GIMNASIUM OUDTSHOORN

Privaatsak X611 Tel. 044 272 2151/2 Faks 044 272 6254
e-pos admin@lgim.co.za Web: www.langenhovengim.co.za

UITGAWE 33/2020 GIMMIES VIR UITNEMENDHEID 15 Desember 2021

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers, Personeel en Leerlinge

Ons kan terugkyk op ‘n jaar van onsekerhede in baie opsigte, en daarmee saam baie seëninge wat oor ons pad gekom het. Gun my die geleentheid om dankie te sê.

- Aan ons leerlinge wat uitstekend aangepas het om steeds die lekker dinge van skoolgaan te beleef. Baie dankie dat julle van week tot week ingeval het by veranderde reëlings. Daar was steeds baie aktiwiteite waaraan julle kon deelneem en baie het wel die geleenthede benut.

- Ons spog met ‘n uitstekende ouerkorps. Vir julle was dit moeilik om gewoond te raak aan ‘n ongewone skooljaar. Baie dankie vir julle ondersteuning aan ons personeel, julle begrip vir nuwe omstandighede, julle kommunikasie met die skool en die lojale wyse waarop julle ons skool bemark. Die skool is daar vir kinders; persoonlike belang sal nie deug nie.

- Baie dankie aan ons skoolbeheerliggaam onder die voorsitterskap van mnr. Johannes Delport wat ons skool in alle opsigte bystaan en ondersteun. Julle baie ure van komitee-verpligtinge en die bywoning van vergaderings word opreg waardeer.

- Ook vir die OOV, mnr. Kritzinger (voorsitter) en GOK, mnr. Van Rensburg (voorsitter) en die res van die lede wat waar dit nodig was sonder huiwering behulpsaam was. Ons waardeer die tyd wat u afgestaan het ten spyte daarvan dat u in formele beroepe staan.

- Ons moet ongelukkig ook van personeel afskeid neem. Die volgende personeellede verlaat ons (in volgorde van tydperk by ons skool): mnre. Groenewald en Basson, me. Janse van Rensburg, me. Opperman, me. Oosthuizen en me. Britz. Ons opregte dank en waardering vir julle aandeel om ons leerlinge toe te rus met akademiese kennis en kulturele geleenthede, asook opvoedkundige waarde toe te voeg. Ons wens julle baie sterkte toe en ons goeie wense vergesel julle op julle nuwe lewenspad.

- Ons sê ook welkom aan die volgende personeel: me. C. Lötter, J. Schonken, C. de Jager, R. de Villiers en mnre. G. de Bruin en M. Stoop. Ons sien baie daarna uit om hulle deel te maak van Gimmies en weet dat hulle baie geluk en werksbevrediging by ons sal ervaar.

Registrasie van alle nuwe leerlinge: Registrasie vind in die skoolsaal plaas op Dinsdag 18 Januarie 2022. Om nie ‘n

konsentrasie van mense te hê nie, versoek ons u om soos volg te registreer:

Vanne A – H	van 08:30
I – R	van 09:30
S – Z	van 10:30

Opening: Op hierdie stadium is ons nog onseker of die opening in die skoolsaal of op die A-rugbyveld gaan plaasvind. Ons sal u d.m.v. 'n e-pos gedurende die begin van die skoolweek inlig. Ons wil baie graag die ouers van ons graad 8's, asook nuwe leerlinge in die hoër grade se ouers na hierdie geleentheid uitnooi.

Inligtingsvorm: Aangeheg is 'n inligtingsvorm wat ons benodig om alle persoonlike inligting op ons administratiewe stelsel te voltooi. Ons versoek u om dit asseblief te voltooi en aan u kind te gee om die eerste skooldag by sy/haar registeronderwyser in te handig. U ontvang ook 'n harde kopie saam met u kind se rapport. Baie dankie vir u vriendelike samewerking. Dit vergemaklik ons kommunikasie met u.

Nuusbriewe: Ons gee elke week 'n Gimmie Nuus uit waarin inligting met u gedeel word. Ons versend dit ook per e-pos, daarom is dit belangrik dat ons u korrekte besonderhede op die inligtingsvorm kan verkry. Indien enige van hierdie inligting sou verander, versoek ons u vriendelik om dit dadelik met ons via e-pos te kommunikeer by me. Venancio by die volgende adres: ronelv@lgim.co.za

Attakwas 2022: Die skool ondersteun jaarliks die fietswedren wat deur Dryland aangebied word. Ons ouers en vriende van ons skool bied die logistieke hulp aan deur die ryers se voertuie vanaf Oudtshoorn na Groot-Brakrivier te vervoer. Ons benodig ongeveer 50 ouers om behulpsaam te wees met die vervoer van die voertuie op **Saterdag 15 Januarie 2022** van 06:00 tot ongeveer 14:00. Dit is ook sommer 'n heerlike ken-mekaar-geleentheid vir ons nuwe ouers wat by ons aansluit. Ons doen dit al die afgelope aantal jare. Ons versoek u baie vriendelik om kontak te maak met Barend Jordaan by die volgende nommer: **064 147 4356.** Ons sal hierna per whatsapp met u kommunikeer en alle reëlings deurgee. Kalbas Nell sal alle logistieke reëlings hierna kommunikeer. By voorbaat baie dankie vir u hulp.

Kersfees is 'n tyd wanneer geliefdes die geleentheid het om saam te kuier, en moet 'n tyd wees om dankbaarheid te getuig teenoor ons Hemelse Vader wat steeds met ons elkeen was gedurende hierdie jaar. Ons wense is dat julle die liefde van Christus, asook Sy vrede en vreugde sal ervaar.

Geniet die rustyd en mag elkeen veilig reis en op 19 Januarie 2022 om 07:05 terug by die skool wees.

Vriendelike groete.

Stephanus Potgieter

1. VERJAARSDAE

Baie geluk aan die volgende leerders wat gedurende die vakansie verjaar. Mag julle 'n wonderlike nuwe lewensjaar hê.

15 Desember: Anri du Plessis
Aiden Peet
Edwin Schombee
Reuben Homann
Morgan-Leigh Rheeder
16 Desember: Richard Mostert
Marike Strydom
17 Desember: Ryan Kühn
AJ van Tonder
Wian van der Berg
18 Desember: Alex Visser
Renaldo Hiscock
Johann Janse van Rensburg
19 Desember: Peet van der Linde
Zené Weich
20 Desember: Cashwinne Kiewiet
Tamieca Foley
AJ de Jager
21 Desember: Suné Wyers
22 Desember: Theron Mentz
Sarel van den Heever
Hildred Swart
Chandré Schultz
23 Desember: Blaine Levendal
Arthur Muller
Mari Terblanche

Rhaine Upman
Marchant Smit
Ané Terblanche
24 Desember: Marco van Zyl
Hayli Josephs
Leonie Pretorius
Janique de Wet
25 Desember: Michelle Gouws
26 Desember: Anke Hunlun
Mia Müller
27 Desember: Johann Menderoi
Natayniel Fillies
Andrew Els
Michael Smit
28 Desember: Marné van Zyl
Lyndon van der Westhuizen
29 Desember: Minke Müller
Hendri Swart
31 Desember: Jeffrey Fouché
1 Januarie: Annamé du Plessis
2 Januarie: Kyle Lekay
Lea-Mari Viljoen
3 Januarie: Anya Henrico
Marchelle Kennedy
Jean-Mari van der Rijst
Duvan Smith
Elrique Louw
Saisha Lottering
4 Januarie: Leandré Kekana
5 Januarie: Carmen Barnard
Marlene Bekker
Ben-Pierre du Plessis
6 Januarie: Aiden Serfontein
7 Januarie: Michal Moolman
8 Januarie: Trever-Joe Samboer
Jayden Stevens
9 Januarie: Roné Joubert
Skyelin Claassen
Arno Victor
Olivia Mackay
Charl Oosthuizen
Ruan van Rensburg
Adele Terblanche
11 Januarie: Jaydri de Villiers
Jancke Potgieter
12 Januarie: Carolien Vorster
Jac Human
Chanelle Bester
13 Januarie: Anke Lamprecht
Noah Merckel
Elné Marx
14 Januarie: Lana Delport
Danielle Thom
15 Januarie: Kayla Mentoor
Jaimie Misplon
16 Januarie: Zhamari Barlow
Suanné Steyn
Andrea de Klerk
17 Januarie: Dané Hugo
Michelle Minnie
19 Januarie: Altus Kruger
20 Januarie: Charl van der Westhuizen

2. BELANGRIKE DATUMS VIR DIE EERSTE WEEK

Maandag 17 Januarie:
Skool heropen vir personeel 07:00
Kantoor open 07:00

Dinsdag 18 Januarie:
Inskrywings van nuwe leerders: 08:30 – 12:00 (skool en koshuis)
Foto's: Alle nuwe leerders saam met ouers
VRL-vergadering: 08:00 – 09:00
Koshuisouervergadering met personeel: Songoud-studiesaal 16:00
Bring-en-braai: Nuwe leerders en hul ouers, die personeel en skoolbeheerliggaam by die klubhuis 18:00

Woensdag 19 Januarie:
Skool heropen vir personeel: 06:45
Skool heropen vir leerders: 07:05 – 13:30

Donderdag 20 Januarie:
Skooltye vir die res van die kwartaal: 07:05 – 13:30

Vrydag 21 Januarie:
Gr. 8-welpiekamp 14:30

Saterdag 22 Januarie:
Gr. 8-welpiekamp 07:30 – 12:00

3. SKOOLKWARTALE 2021

Eerste kwartaal:
19 Januarie 2022 – 25 Maart 2022

Tweede kwartaal:
5 April 2022 – 24 Junie 2022

Derde kwartaal:
19 Julie 2022 – 30 September 2022

Vierde kwartaal:
11 Oktober 2022 – 14 Desember 2022

4. SKOOL- EN KOSHUISGELDE: 2022

Die skool- en koshuisgeld vir 2022 is as volg:

Skoolgeld:

R17 600 per leerder per jaar.
Eerste paaiement: R1 800
Per maand (10 paaiemente): R1 580
Per kwartaal: R3 950

Bankbesonderhede:

ABSA 105 885 0256
Takkode 632005
Unieke verwysingsnommer (soos ontvang by finansiële sekretaresse)

Koshuisgeld:

R27 200 per jaar + R100 koshuisfonds
Per maand (10 paaiemente): R2 720
Per kwartaal: R6 800
Breekskade vir eerste toetreders: R500

Bankbesonderhede:

ABSA 105 886 0251
Takkode 632005
Unieke verwysingsnommer (soos ontvang by finansiële sekretaresse)

5. SLUITKASSIES

Leerders moet vir 2022 heraansoek doen vir sluitkassies. Dit is beskikbaar vanaf **Dinsdag 1 Februarie 2022.** Dit sal geskied op ’n eerste-kom-eerste-help-basis. Die koste vir ’n sluitkassie is R150 vir die jaar.

6. SKOOLBUSDIENS: 2022

Dorpsbus

Ons skoolbusse moet jaarliks volgens die Vervoerwet ‘n padwaardigheidstoets slaag. Ouers hoef hulle dus nie te bekommer oor hul kinders se veiligheid wanneer hulle na en van sportgeleenthede of die huis vervoer word nie. Alle busbestuurders het ook ‘n openbare bestuurspermit wat tweejaarliks hernu word.
‘n Skoolbus sal dagskoliere wat ver woon, daagliks teen **R11,00** per rit vervoer. Leerders kan weeklikse kaartjies teen **R110,00** by me. Laubscher koop. Bushaltes vanaf 19 Januarie 2022:

- Verpleegstertehuis (Parkweg)
- Klein Karoo Koöperasie (Parkweg)
- Hoek van Park- en Bloemstraat
- Baptistekerk (Parkweg)
- Hoek van Rademeyerstraat en Jan van Riebeeckweg
- Bokomo (h.v. Langenhovenweg)
- Klein Karoo Vaardigheidskool (Langenhovenweg)
- Suid-Kaap Kollege (Adderleystraat)
- Filco (Voortrekkerweg)
- Gholfbaan-afdraai
- AVBOB (Adderleystraat)

Die bus sal soggens om 06:30 by die eerste halte voor die verpleegstertehuis wees. Gedurende die winter sal die bus ongeveer 30 minute later by die haltes wees.

Busdiens: Tuisnaweke

Die skool beskik oor ‘n busvervoerdiens vir tuisnaweke. Die volgende roete sal gevolg word indien daar genoeg passasiers is en ‘n alternatiewe pendeldiens nie beskikbaar is nie:
Oudtshoorn – Beaufort-Wes (**R420,00** retoer of enkelrit)

Let asseblief daarop dat daar geen enkelrittariewe bestaan nie. Leerders reis dus enkel of retoer teen dieselfde tarief. Besprekings word slegs met betaling aanvaar en geld word nie terugbetaal in die geval van kansellasies nie.

Die sukses en voortbestaan van hierdie busdiens is geheel en al van u volgehoue steun afhanklik.

7. NETHEIDSINSPEKSIE

'n Voorkoms- en netheidsinspeksie word op Woensdag 19 Januarie 2022 gehou.
Ons wil vra dat u ons hierin sal ondersteun en sal toesien dat u kind(ers) aan die skool se netheidsreëls voldoen. Geen gekleurde hare of hare met sonstrepies is toelaatbaar nie. Leerders wat nie aan die netheidsreëls voldoen nie, sal versoek word om hulle volgens ons reëls tuis te gaan regmaak. Ons hoop nie dat dit nodig sal wees nie.

8. KOSHUISOUERVERGADERING

Alle koshuisouers word vriendelik uitgenooi na die koshuisouervergadering op Dinsdag 18 Januarie 2022 om 16:00 in Songoudkoshuis se studiesaal. By hierdie geleentheid word die koshuise se personeel ook aan u voorgestel.

9. BRING-EN-BRAAI

Om u beter te leer ken en persoonlik te ontmoet, word alle ouers van nuwe leerders (al het u reeds 'n ander kind hier op skool) hartlik uitgenooi na 'n oueraand in die skool se klubhuis op **18 Januarie 2022 om 18:00.**

Daar is 'n paar belangrike sake wat ons by dié geleentheid onder u aandag wil bring. Daarna sal u u kind se onderwysers kan ontmoet wanneer ons gesellig saam gaan vleisbraai. U moet net u eie eet- en drinkgoed, braaigereedskap en braairooster saambring. Ons sal die kole voorsien.

10. KLEUREATLETIEK

Die kleureatletiekbyeenkoms vind op Vrydag 28 Januarie 2022 om 06:00 by die tartanbaan plaas. Die kleurspanne is soos volg volgens vanne ingedeel:

A – H: Blou
I – R: Goud
S – Z: Wit

Maak seker dat u kind klere het wat by sy/haar kleurspan pas. Sorg ook vir 'n hoed en genoeg sonskerm. Elke leerder moet ook R5 betaal vir die kleurebyeenkoms en daar sal 'n snoepie wees.

11. ATKV JUNIOR AFRIKAANSE OLIMPIADE

Twee van ons leerders het uitstekend presteer in die ATKV Junior Afrikaanse Olimpiade. Aliyah Cremer beklee plekke op die Top 100 Nasionaal en op die Top 20 van die Wes-Kaap. Jana-Mari Emmerich beklee die gesamentlike 15de plek nasionaal, asook 'n gesamentlike sesde plek in die Wes-Kaap. Baie geluk!

12. SPORTDEELNAME TYDENS VAKANSIE

SKAAK

Luzandri Kuyler: SAJCC skaaktoernooi (2 Januarie tot 11 Januarie 2022)

TENNIS

Liebe Oosthuizen: *Growth Point Winelands Super 8* (10 tot 15 Desember 2021)

Growth Point Cape Town Super 8 (16 tot 21 Desember 2021)

KRIEKET

Francois-André Beets en Kamva Qusheka is opgeneem in die SWD-span wat op 18-22 Desember 2021 aan die Khaya Majola o/19- krieketweek in Potchefstroom gaan deelneem.

Camron Avontuur is opgeneem in die SWD-span wat op 13-17 Desember 2021 aan Krieket SA se o/16- krieketweek in Pretoria gaan deelneem.

13. UITSLAE

Louis Venter is deur Oudtshoorn Fietsryklub aangewys as jeug-klubkampioen vir berg- en padfiets. As XCM-bergfietrsrywenner ontvang hy ook sy Eden-kleure.

My gebed is dat
elkeen in hierdie tydperk
sal omring word met
Vader se groot liefde,
vrede, blydskap en
vreugde in Hom!
Geseënde Kersfees in Jesus Christus